# Die Verborgenheid

# van die

# Engel van die Verbond

Die Apostel Paulus verklaar `n baie belangrike verborgenheid van die Godheid vir ons in 1 Tim. 3.14-16:

"Ek skryf hierdie dinge aan jou hoewel ek hoop om gou na jou toe te kom. Ingeval my koms vertraag word, sal jy dus weet hoe iemand hom moet gedra in die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid. En dit staan bo alle teenspraak dat die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens groot is. As mens het Jesus in die wêreld gekom, deur die Gees is bevestig dat die reg aan sy kant is, aan die engele het Hy verskyn, aan die heidennasies is Hy verkondig, in die hele wêreld is Hy geglo, en in heerlikheid is Hy opgeneem."

Ons behoort natuurlik altyd die *Kodeks Alexandrinus*, dit is soos wat 1 Tim. 3.16 daarin verskyn en wat natuurlik in die algemeen die vertaling, "God is geopenbaar in die vlees...." aandui as die "Seun van God is geopenbaar in die vlees..." veral in ag te neem by die lees van hierdie baie belangrike teksgedeelte uit die Pauliniese persoonlike briewe. Die *Kodeks Alexandrinus* weergawe stem inderdaad ooreen met die Apostel Johannes se waarskuwing in 1 Joh. 4.1-3:

"Geliefdes, moenie enigeen glo wat sê dat hy die Gees van God het nie, want daar is nou reeds baie vals profete in die wêreld, maar ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig is. Hieraan ken julle die Gees van God: <u>elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het</u>, het die Gees wat van God afkomstig is. En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die Gees wat van God afkomstig is."

**Inaggenome voorafgaande teks, kan ons gerus op die volgende let:**

**1 Tim. 3.16**:

Die ware gemeente van God, dit is die een wat dan onderskei moet word van die vals weergawe wat nie die volle belydenisse van die Apostels van Jesus wie persoonlik deur ons Heiland verkies was om Sy waarheid aan die wêreld uit te dra, handhaaf nie. Daar is dan inderdaad `n afvallige én `n waarheid-weergawe en hierdie tipe vergelyking/gelykstelling het dan baie duidelik

sedert die begin bestaan.

God het ons nie in die duisternis gehou, naamlik oor Sy Seun en wie Hy is nie want God het Sy koms openbaar gemaak, ten eerste deur die Profete van ouds en soos in hulle Godspraak aan ons bekend gemaak, en daarna deur Jesus wie persoonlik gekom het om van Sy Vader se bestaan en heerlikheid te getuig (Jes. 9.5; Jes. 7.14; Miga 5.1; Mal. 3.1; Joh. 6,8,10).

Jesus die Christus (=die Messias) was gebore in Bethlehem, Judéa, as die vleesgeworde "Woord van God" wie volgens eerste eeuse apostoliese belydenis dan werklik vlees geword het. Hy het met ander woorde nie net in die vlees verskyn soos wat die Gnostisisme dit verkondig het nie maar Hy het tasbaar onder die mensdom Sy woning kom maak en sodat almal Hom en wat Hy vir Sy God en Vader gedoen het, kon aanskou het. Jesus se wesentlike, persoonlike getuienis het dan as bewys gedien dat Hy waarlik die Seun van God is (Fil. 2; Joh. 1; 1 Joh. 4.14; Luk. 1.31; Ps. 40.8).

Verder ontvang ons uit hierdie gekwoteerde teksverwysings, dit is die geskrewe woord, bevestiging van Jesus se opvaring na Sy opstanding (Hand. 1) en ons behoort veral te let op Sy verskyning aan die engele (dit is na Sy opstanding). Verwys ook Joh. 17 (Jesus se gebed in Getsémane).

**1 Joh. 4**:

Uit hierdie baie belangrike teks, dit is uit die pen van die langslewende apostel van Jesus, ontvang ons hierdie ewige waarheid, naamlik dat die Seun van God vlees geword het en, net om weereens analiserend oor hierdie saak te redeneer, nie God die Vader nie.

Ons sien ook dat almal wat nie hierdie boodskap bely nie, vals getuies is en wie ons dan as sodanig moet verwerp. Almal wie dan hierdie eerste eeuse apostoliese waarheid op hierdie wyse uitdra, ongeag oorhoofse Godheidbelydenisverskille en veral met spesifieke verwysing na fynere tegniese beredenering daarvan in gedagte, behoort as waarheiddraers beskou te kan word en ons behoort natuurlik dan ook op die eerste sport van die geloofsverdraagsaamheidleer te wees. Dit is dan belangrik dat ons op hierdie apostoliese waarheid ag sal slaan, as ons ten minste misleiding van waarheid wil onderskei.

Iets waarop ons verder ag behoort te slaan, is dat, as die Seun van God vlees geword het en Sy woning onder ons kom maak het as "Seun van God", moes Hy tog wel `n vooraardse bestaan by Sy Vader gehad het as "Seun van God", nie waar nie? Verklaar Paulus dan nie pertinent nie dat Jesus (=die Seun van God) gister, vandag en tot in alle ewigheid dieselfde is (Heb. 13.8)?

**En dit bring ons natuurlik uit by die baie belangrike "Engel van die Here" kwessie, `n boodskap wat nogsteeds vir baie gelowiges `n groot uitdaging is.**

Daar was alreeds baie oor hierdie onderwerp geskryf, ook verbaal verkondig, op hierdie webwerf en omrede ek die verklaring, soos weergee in die bron waarvan ek hier gebruik maak, baie eksplisiet en waar bevind, neem ek vrymoedigheid om dit net so te kwoteer:

**Woordelys, p. 313**:

"Engel van die Here/van God is die benaming vir `n besondere (!*) hemelse wese wat as boodskapper en gevolmagtigde van die Here (dit is bedoelend God*) optree om redding uit gevaar, of beskerming, oordeel of vernietiging te bring of aan te kondig.  In Eks. 14:9, Rig. 13:3; Ps 34:6 word sy reddende en beskermende rol na vore gebring en in Ps. 35:5,6 tree Hy op om die ingryping van die Here teen die vyande van die regverdige te bewerkstellig.

In Sag. 1:9; 2:2; 4:4; 5:5; 6:4 verklaar hy vir die profeet sy naggesigte. Die Engel van die Here word onderskei van die ander hemelse wesenes (!*), nl die engele (Ps.91.11; 103:20; 148:2) die gerubs en die serafs (Jes. 6:2), en word soms met die Here vereenselwig (!) (vgl. Gen. 16.7-10; Eks. 3.2, 4; Rig. 6:11.14".

**Waarop ons ag behoort te slaan oor hierdie "Engel van die Here" verborgenheid, is die volgende :**

Voorafgaande verklaring van die Engel van die Here is inderdaad nommerpas omrede die Engel van die Here as `n selfstandige boodskapper beskryf word. Hy is dan inderdaad `n spesifieke engelewese en hierdie verklaring strook dan een honderd persent met die heilige Skrifte.

Hierdie verwysing (Engel van die Here) is dan net toepaslik op `n besondere engelewese (boodskapper) en wie veral in Eks. 23.20+ `n status van God die Almagtige ontvang en wat met ander woorde geen gelykenis onder die ander engele het nie want dit is Hy wie in die *direkte* Teenwoordigheid van God woon (Jes. 63.9).  Ons behoort daarop te let dat Jesaja na een spesifieke engelewese verwys as "Engel van God se Aangesig". Hy verwys dan nie in hierdie geval na engele (meervoud) nie maar God sonder deur Sy profeet een spesifieke hemelse boodskapper uit. Dit behoort dan uit hierdie stelling duidelik te wees dat Hy `n baie besondere plek in God se Raad en Teenwoordigheid beklee. Hy woon dan sedert die begin van alles in God se direkte Teenwoordigheid en wat ons dan `n idee gee dat hierdie spesifieke engelewese nie net `n "gewone" engeleboodskapper is nie maar dat Hy met spesiale outoriteit/gesag beklee is en  wat Hom dan  sou onderskei het van al die ander engele. Tog is daar ook baie duidelik ander gerubs wat, soos dit voorkom, hoog op die hiërargie van engelewesens funksioneer.  God die Vader het dan `n hemelse wese voorgebring net soos wat Hy alleen, as Skepper van alle dinge,  in staat was om dit te kon doen.

Hierdie hemelse wese was dan in staat om God se opdragte as God se Verteenwoordiger of Agent uit te kon voer (Eks. 23.20+).  Hy kon gevolglik as `n engelewese aan mense  (veral profete) verskyn of as `n man/mens net soos wat Hy aan Joshua verskyn het voor die inval in Jerigo.   Dit is hierdie hemelse wese wat dan in `n baie spesiale verhouding tot God die Vader gestaan het in Sy hemelse Ryk en dit is Hy wat vlees geword het en onder ons

kom woning maak het. Dit is die Pauliniese verborgenheid “wat deur die eeue en geslagte verborge was, maar nou geopenbaar is onder julle, dit is Christus Jesus die hoop van heerlikheid!” Dit is hierdie verborgenheid wat Paulus ook aanspreek in sy brief aan Timothéüs en wat veral in ou vertalings voorkom, naamlik 1 Tim. 3.16 [“Onteenseglik die verborgenheid van die godsaligheid is groot, God is geopenbaar in die vlees....” en wat gerus ook saam met die *Alexandrinus Kodeks* gelees kan word want dit is die Seun van God wat vlees geword het en wie onder ons kom woning maak het (Fil. 2)]. In en deur hierdie engeleboodskapper het God die Vader die verbonde met Israel gesluit en Abraham was, net soos Dawid, baie goed met Hom bekend.

Net om egter hierdie baie belangrike verborgenheid wat direk aan die Seun van God gekoppel kan word, egter verder toe te lig, kwoteer ek die volgende uit dieselfde bron, p. 316:

“Gerub [=cheru<u>b</u> in Hebreeus (enk) en cheruvim (mv)*] is `n aanduiding van een van die soorte hemelwesens wat volgens die Ou Testament in die teenwoordigheid van God, die hemelse Koning, verkeer en wat sy verskyning begelei. Die besondere funksie van die gerubs (hoofengele*) was om as wagte te dien (Gen. 3:24) en die troon van God te omring. Daarom word soms van God gesê dat Hy bo die gerubs troon (Ps. 80.2; 99:1; Jes. 37:16). Die verbondsark is ook beskou as `n troon van God waaroor Hy onsigbaar teenwoordig is in die heiligdom; daarom was daar beelde van gerubs op die deksel van die verbondsark (Eks. 25;18-22; Eseg. 10:1-4; Heb. 9:5). (Hou ook in gedagte dat dit die Engel van die Here was wat bo die Versoendeksel verskyn het tydens *Yom Kippur,* die groot Versoendag van die Jodendom*). Die afbeeldings van gerubs op die doeke van die tabernakel (Eks. 26:1,31) en die mure van die tempel (1 Kon. 6:29) was voorstellings van die hemelse dienaars van God (engele is almal, insluitend die gerubs, dan dienaars van God*) wat sy verskyning begelei het. Dieselfde gedagte lê in die voorstelling van die hemelse troon van God wat deur Esegiël waargeneem is (Eseg. 1:4-28). Gerubs is voorgestel as wesens met vlerke, en die voorstellings in Ps. 18:11 is dat die Here van `n gerub as vervoermiddel gebruik maak.”

Heb. 1-7-9 behoort dan met voorafgaande goeie verklaring van die gerubs duidelik vir ons te wees, naamlik dat Jesus, Seun van God, “..bo Sy metgeselle” (die gerubs) verhoog was na Sy kruisiging, opstanding en opvaring. Die apostel Paulus gebruik tog baie duidelik die beskrywing van “metgeselle” en wat ons dan wel behoort te weet heenwys op die Seun se voormenslike bestaan by God in Sy hemelse Ryk.

Dit is juis Heb. 1 wat in die algemeen skeefgetrek word deur veral die Trinitariërs maar nie uitsluitlik net hierdie sektor nie en omrede daar so `n volgehoue, sterk vooroordeel geskep word teen alle alternatiewe verklarings, bly ou teologiese verklarings oënskynlik vir altyd staan. Ons wil nou maar eenmaal nie verby die Hellenistiese erfenis van die Christelike belydenisse beweeg nie! En omrede ons wysgemaak word dat abstrakte denke nodig is by ontleding van God se bestaan, kan ons net nooit verby ou denkpatrone beweeg nie. En met hierdie tipe benadering in gedagte, is ons dan geneig om dit wat God in die Skrifte geopenbaar het, nie raak te wil sien nie! Dit is natuurlik ook die rede waarom daar so baie geleerdes is wat uiters ongemaklik voel met Christus se ware identiteit, dit is met betrekking tot Sy vooraardse bestaan, en

hulle neem gevolglik baie vinnig hulle toevlug na `n abstrakte logos-verklaring as dit ter sake kom want dit gee skynbaar vir hulle beweeglikheid en om hulle dan nie vas te maak aan *letterlike* Skrifverklaring nie. Was daar nie juis martelings in die donker Middeleeue veral en omdat die geleerdes van die regerende kerk juis hierdie tipe "Bybelse" verklarings van die hand gewys het nie?

Daar is natuurlik ook serafs wat onderskei word van die gerubs van wie daar, volgens Joodse rabbynse verklarings, vier was. Laasgenoemde getal kom veral in die Joodse apokriewe voor. Ons verneem natuurlik net van twee in die Ou Testament en dit is Gabriël (Dan. 9.21) en Migaél (Dan. 12) en hierdie getal (slegs twee gerubs) kom goed ooreen met die twee engeleafbeeldings op die versoendeksel van die Verbondsark maar dat daar meer as twee gerubs was, blyk wel die geval te wees en moontlik dui die twee gerubs op die versoendeksel op die sleutelposisies van twee besondere engeleboodskappers onder die Ou Verbondbedeling.

Ester Blomerus Th.D
www.housealtarnetwork.com
2016-02-05

Bronverwysings:

*Die Bybel Nuwe Vertaling* (met herformulerings), Sesde druk 1994.

*`n Asterisk word wel in die gekwoteerde teks gebruik in onderwerpverwysings, maar in hierdie geval het ek in hakies, toegelig met `n asterisk, my eie bondige kommentaar bygevoeg.

Let daarop dat "Engel van die Here"  een spesifieke hemelse boodskapper is. Verder was hy "in God se Teenwoordigheid" ook `n gerub en om hierdie rede het Paulus natuurlik sy verklaring van die Godheidopenbaring bekend gemaak volgens Heb. 1:7-9.

Jesus Christus se voormenslike bestaan was dan in God se Ryk (=
God die Vader) inderdaad soos wat Jesaja Hom beskryf het, as "Engel van God se Aangesig". In Hebreeus is "aangesig"  om voor God te wees, om in God se direkte teenwoordigheid te wees, om voor God te staan.  Dit was dan Jesus se intieme status van heerlikheid gedurende Sy vooraardse bestaan.   Na Sy opstanding was Hy deur God die Vader verhoog bo Sy metgeselle (=die gerubs wat in God se allerheiligste Teenwoordigheid was, dit is volgens die Pauliniese Hebreër boodskap).

**Hierdie boodskap is dus een van Skrifwaarheid en daar is geen dwaling hier te vinde nie.**   Daar is wel Godheidbelydenisvoorskrifte volgens die Triniteitbelydenis, ook die Unitariese belydenisse wat nie hierdie boodskap wil aanvaar nie, naamlik dat Christus wel `n engelewese was wat deur God voorgebring is en vir wie God die wêreld voorgebring het, dit is tot Sy heerlikheid (Spr. 8:22+; Joh. 1; Fil. 2).  "Engel"  is in Grieks *angelos* en dit

dra natuurlik dieselfde konnotasies as dit wat aan die Hebreeuse teks gekoppel word. “Engel” is dan `n hemelse wese en daar is `n hiërargie van hierdie tipe geeswesens in God se Ryk. Maar die “Engel van die Here”, daardie Een wat hierdie konnotasie eksklusief dra in die Ou Testament, is `n besondere engelewese of hemelse boodskapper wie deur God gebruik was om Homself <u>in spesifieke verband</u> bekend te maak aan Sy maaksel, die mens.

Dit is hierdie baie spesiale Engelewese/boodskapper wat God se Naam in die Ou Verbond dra en wat ook God se Troon deel (Ps. 2) ook daardie Een is deur wie God Sy nuwe skepsels, dit is hulle wie volgens Sy beeld geskape was, voorgebring het (Gen. 1.26). Om hierdie rede kon God die Vader Sy Seun in die wêreld stuur, want Hy het alreeds `n bestaan by Sy Vader gehad, dit is voordat God `n liggaam vir Hom, Jesus, in die maagd Maria voorgebring het as `n heilige, afgesonderde vat op Wie Hy, as bewegende Tabernakel van God, Sy volle salwing van die Heilige Gees uitgestort het ook Hom as Sy “Geliefde Seun” in die Jordaanrivier – tydens Sy doop – bevestig het! (v. Hand. 10). Daar het God baie duidelik, en volgens die getuienis wat ons tot ons beskikking het van Johannes die Doper, Hom met die volheid van Sy Gees gesalf en eers na Sy doop en volle salwing met die Gees van God het die vleesgeworde Christus met Sy aardse sending begin (=ná Sy veertig dae van vas en afsondering).

**Daar is dan blatante Skrifverdraaiing wat plaasvind sodra ons hierdie goddelike boodskap aangaande die Verlosser van Israel (yeshua = verlossing/verlosser in Hebreeus) probeer systap**. Dit is dan `n saak wat nie ligtelik opgeneem behoort te word nie, omrede dit God se woord distorsief verdraai, dit is as ons hierdie “Engel van die Here boodskap” `n inkleding volgens die wil van mense ten alle koste wil gee, dit is volgens geykte teologiese voorskrifte en wat dit dan net `n abstrakte weergawe wil gee (teofanie asof God dan selfs van enigeen van die ander engele gebruik sou kon maak in plaas daarvan om Sy besondere heerlikheid net op een spesifieke engeletussenganger, dit is tussen God en mens te plaas (=die betekenis van Emmanuel naamlik God met ons).

**Die fout lê dan by ou teologiese verklarings en nie by die Woord van God nie!** En ons word om hierdie gemaan om versigtig in ons uitlatings te wees, dit is om dwaallering aan hierdie tipe verklaring van die Engel van die Verbond te gee, naamlik om die Engel van die Verbond net `n blote verskyning te maak van die Almagtige God sonder om te wil toegee dat God <u>een spesifieke boodskapdraer</u> voorgebring het in Sy hemelse Ryk en wie Hy gebruik het as medeskepper (Spr. 8.22+), ook die Kanaal is op Wie Hy (die Almagtige Vader) Sy Naam gelê het (Eks. 23.20+) en wie Hy volgens hierdie Skrifwaarheid oor Israel aangestel het as hulle Koning, hulle God, hulle Verlosser, hulle Leërowerste en hulle Verbondmaker God – met ander woorde gebruik het as *sigbare* skakel/middelaar tussen Homself en die mens. Dit is hierdie Engel van die Here wat aan Moses in die braambos verskyn het en wie Sy heilige (verborge) Naam bekend gemaak het aan hom - `n Naam wat wel verborge gehou word deur die Jodendom in die algemeen maar wat nooit veronderstel was om die volksmond te verlaat het nie.

**Dit blyk dat geestelike leiers en veral teoloë weereens sal moet nadink oor die antieke Verlosser van Israel!** Want dit is Hy, die Seun van die

Alleenwyse God, wat vir Israel in die nabye toekoms die oorwinning gaan bewerkstellig want Hy is en bly die Verlosser van Israel tot in alle ewigheid (Dan. 12). Hy is die Prins oor Israel en as sodanig is en bly Hy die Seun van God tot in alle ewigheid (1 Joh. 3.23). In die dag van oorwinning sal Hy "offisieel" as Israel se Koning gekroon word (Ps 2) en wanneer Hy in hulle midde sal neerdaal "met die merke tussen Sy hande" (Sag. 13.6) want dan sal Sy volk wat Hom verwerp het, Hom aanskou in Sy heerlikheid! Wat Sag. 13.6 betref: Hier behoort ook weer navorsing oor die Ou Testamentiese teks gedoen te word, want die merke tussen Sy hande kan nooit mee weggedoen word nie! (v. artikels op webwerf oor die Leningradensis, die Biblia Hebraica Stuttgartensia, ensovoorts).

**Dit is die enigste boodskap vir die tyd waarin ons lewe!** Nou is die tyd om ons Verlosser, ook die Verlosser van Israel (!) se ware identiteit te ken! Dit sal die vleesgeworde Jesus Christus des te groter vir ons maak en dit sal `n liefde in ons harte vir Hom kweek wat ons deur dik en dun sal dra. Ons word daarop gewys deur Jesus om die Skrifte te ondersoek want dit skep by ons `n Godsverwagting wat ons sal lei tot `n dieper geloofswandel met ons God en Verlosser wie ons, soos in oud-Israel, uit al ons benoudhede sal verlos (Jes. 63.9).

**Hoe meer ons dan te wete kan kom van die "verborgenheid wat deur die eeue en geslagte verborge was maar NOU geopenbaar is onder julle**, dit is Christus die Hoop van Heerlikheid" (Paulus), des te meer sal ons in staat wees om afvalligheid wat nou al hoe sterker binne die Christendom manifesteer, raak te kan sien. Ons sal verder baie beter in staat wees om die doel wat God ook vir Sy volk Israel voor oë het, in die regte perspektief te kan sien. En dit sal ons entoesiasme vir Christus en Sy saak – die ware boodskap op waarheid geskoei – aanwakker sodat ons nie meer lou Christene sal wees nie, maar paraat om die Here met `n volkome hart te kan dien!

**Ontdek Hom dan in die heilige geskrifte!**

Spandeer gerus tyd om die Skrifte te leer ken in plaas daarvan om net op resente New Age boodskappe te fokus. Baie tyd en selfs hope geld word gespandeer om die self te streel en te verheerlik, om die self te ontdek of te herontdek, om die geestelike mens en veral die gees van die mens "behoorlik" aan te spreek, veral in fyner detail te ontleed, maar relatief min stel belang in wie Jesus werklik is. En dit is die boodskap wat ons broodnodig het want dit omseil die "baie vals profete wat in die wêreld uitgegaan het" en wat alles in hulle vermoë doen om misleiding en verwatering te vestig in die harte van mense wie wel gelowig is maar wie gevaar loop om dit wat hulle nog van God het te verloor tensy hulle wakker word en hulle Heiland en Verlosser, ook dié van Israel, ken soos wat Hy is en soos wat die Skrifte aangaande Hom getuig!

Die tyd is nou hier dat die Bruid van Jesus Christus nader sal beweeg aan die voete van Hom wie magtig en in staat is om elkeen wat in Hom geanker is, tot by die voleinding van alle dinge gees, siel en liggaam te behou!

**ONS  HET IN HIERDIE DAE INDERDAAD**

**`N GROOT BEHOEFTE AAN**

**GEESTELIKE TRANSFORMASIE!**